Slim Kraai en die piekniek in die park

Slim Kraai en die piekniek in die park

Skrywer: *Else Röhrs*
Kunswerk: *Meghan Janse van Rensburg*
Tema: *Die impak van alcohol-misbruik*
Gepaste ouderdomsgroep: *Alle ouderdomme*

Reg in die middel van die groot stad is daar 'n pragtige park met hoë bome en baie groen gras. Dit is 'n goeie plek vir 'n piekniek. Vroeg in die oggend voordat al die tuiniere en rondlopers opdaag, is die park vol van die voëls reg oor die stad.

Hierdie oggend is Hardy, die Hadida voël, eerste om op te daag. Jy sien, sy ouma het altyd vir hom gesê dat die vroegste voël die lekkerste wurms kry. Die park se grasperke is sy gunsteling plek om lekker sappige wurms op te slurp, maar vandag sien Hardy 'n tafel met oorskietkos van 'n piekniek – klomp skyfies, toebroodjies, 'n hamburger, 'n halwe kolwyntjie en 'n snaakse bottel met rooi "koeldrank" sonder 'n doppie. Hardy land op die tafel, lomp soos altyd, en stamp die bottle om. Die rooi "koeldrank" mors oor die kos. In sy opgewondenheid skree Hardy: "Ha-dee-da, ha-dee-da, ha-dee-da!" kliphard en probeer 'n sopnat toebroodjie opslurp.

Eweskielik is die piekniek tafel vol voëls wat ook in die pret wil deel – tortelduiwe, kwarteltjies, spreeus en seemeeue. Daar is oorgenoeg kos en als is sopnat van die gemorsde "koeldrank". Die voëls weet nie dat die "koeldrank" eintlik rooi wyn is nie. Aan die begin het hulle nie baie van die vreemde smaak en reuk van die wyn gehou nie, maar hulle het gou gewoond geraak daaraan en dit begin geniet.

Toe het 'n paar vreemde dinge begin gebeur. Die voëls het begin om bietjie wankelrig en bewerig te voel. Hulle kan nie reguit loop nie en hulle hou aan om teen mekaar te bots. Hardy val van die tafel af en maak 'n groot geraas: "HA-DEE-DA! HA-DEE-DA! HA-DEE-DA!". Twee klein kwarteltjies val bo-op Hardy en een breek sy vlerk. Hardy wil wegvlieg maar sy bene en vlerke werk skielik nie meer nie. Toe hy dit uiteindelik regkry om te vlieg, vlieg hy WAPS in 'n boom vas. Die spreeus val aan die slaap in 'n poeletjie rooi wyn. Die tortelduiwe en seemeeus begin baklei, hulle pik en krap en slaan mekaar met hulle vlerke. Dit is chaos met vere wat orals waai en 'n aaklige lawaai.

Kraai daag laat op vir die partytjie. Sy is eers verbaas om te sien wat aangaan, maar sodra sy die bottel rooi wyn sien, maak dit vir haar sin. "Hou op baklei!", skree sy: "Julle is almal dronk!". Die ander voëls stop waarmee hulle besig is en staar na Kraai met hulle snawels oop. Kraai probeer verduidelik: "Julle drink gewoonlik water en dan is julle piekfyn, maar vandag het julle wyn gedrink en dit het julle dronk gemaak. Die wyn het in die kos gegaan". Een van die spreeus skree uit: "Maar wat is fout daarmee om wyn te drink? Dit maak my fantasties voel. Wat weet jy daarvan in elk geval, Kraai?".

"Raak rustig", sê Kraai. "Die probleem met wyn is dat dit baie alkohol bevat so dit kan jou bietjie wankelrig en bewerig maak. Dit kan jou bene en vlerke laat slaap. Dit kan jou simpel en gevaarlike dinge laat doen. Dit kan jou ook aggressief maak. Dit is hoekom sommige van julle wou

baklei. Julle het op mekaar geskel, van die tafel afgeval en julle kan nie eers behoorlik vlieg nie". 'n Klein kwarteltjie vra: "So wat moet ons nou doen?". Kraai antwoord: "Die beste ding is om dit maar af te slaap. As dit dalk weer gebeur, onthou dat alkohol jou snaaks en swak laat optree".

Kort voor lank is die dronk voëls vas aan die slaap onder 'n groot boom. Kraai kyk vir hulle en skud haar kop en sê: "Hulle is veilig nou, maar hulle gaan jammer wees wanneer hulle wakker word met 'n aaklige hoofpyn". Op daardie oomblik sien sy die groot stuk vleis op 'n rolletjie. Sy spring op die tafel en inspekteer die stuk vleis. Sy kan sien en ruik dat die wyn nie daaraan geraak het nie. Terwyl die ander snork, geniet sy haar heerlike middagete.